

# Wes-Kapenaars kry dalk teen 2014 aardgas as alternatiewe energie

Francois Williams,

Die gasverspreidingsmaatskappy Gigajoule International kan daarvoor sorg dat Wes-Kapenaars teen 2014 aardgas as alternatiewe energiebron benut.

Gigajoule het pas by die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (Nersa) om 'n lisensie aansoek gedoen vir die bou van gasverspreidingspypleiding aan die Kaapse Weskus en vir handeldryf in gas. Die aansoek is nou vir 'n tydperk van 30 dae vir openbare kommentaar oop.

Gigajoule, wat betrokke is in die verspreiding van gas in Mosambiek, het 'n belang in die Petroline-brandstofpypleiding wat tussen Maputo en Mpumalanga in aanbou is. Indringende marknavorsing toon daar is voldoende belangstelling van die nywerheids- en kragopwekkingsektor in die Wes-Kaap om na aardgas om te skakel, sê mnr. Johan de Vos, besturende direkteur van Gigajoule.

Gigajoule beoog om óf saamgeperste aardgas (CNG) van die Kudu-gasveld aan die Namibiese kus in te voer, of vloeibare aardgas (LNG) op die internasionale mark aan te koop en in te voer.

Omdat LNG duurder is, sal dit 'n groter mark vereis om dié opsie ekonomies lewensvatbaar te maak.

Volgens mnr. Johan Visagie, hoofbestuurder van Gigajoule, sal die infrastruktuur vir die CNG-opsie sowat R2,5 miljard kos. Vir die LNG-opsie is dit sowat R2 miljard omdat net een afleweringsoep nodig is.

'n Finale beleggingsbesluit sal teen die eerste kwartaal van 2011 geneem word.

Dit sal 'n aflandige afleweringsoep 7,5 km van die kus tussen Atlantis en Saldanha, 'n gasverwerkingsaanleg en in die eerste fase 'n gaspypleidingnetwerk van 225 km na verbruikers behels.

Die Kudu-gasveld word deur die Ierse energiemaatskappy Tullow Oil ontwikkel.

Gigajoule het onlangs 'n memorandum van verstandhouding met Tullow en sy vennote Namcor (die Namibiese staats-energiemaatskappy) en die Japanse groep Itochu Corporation onderteken om die tegniese en kommersiële lewensvatbaarheid van CNG-verskaffing van die Kudu-veld te ondersoek.

Die Kudu-veld bevat sowat 1 000 miljard kubieke voet gas. De Vos sê dit is genoeg om CNG vir minstens tien jaar aan markte aan die Weskus en Namibië te lewer.

Moontlike nywerheidskliënte in die Wes-Kaap is enige fabriek wat tans diesel, steenkool of brandstofolie gebruik om stoomketels mee te verhit, soos glasfabrieke, staalverwerkers, voedselverwerkers of sementaanlegte.

Onafhanklike kragprodusente of Eskom is potensiële kliënte omdat aardgas-aangedrewe kragstasies relatief vinnig opgerig kan word en aardgas goedkoper as diesel is.

Gigajoule beskou 'n Wes-Kaapse mark vir CNG as vervoerbrandstof in busse en taxi's. Gigajoule het in Maputo aardgasvulstasies opgerig vir die gerief van busse en vlootvoertuie wat omgeskakel is om met gas te ry.

Die groep ondersoek ook die moontlikheid om koolstofkrediete te verdien omdat aardgas 'n skoner fossielbrandstof as steenkool of diesel is en minder koolsourgas en ander besoedeling vrystel.

Nog gasbronne aan die Weskus wat ontwikkel gaan word, is die Ibhubesi-gasveld

waarin die Amerikaanse groep Forest Oil, die bemagtigingsgroep Mvelaphanda en die staatsbeheerde PetroSA 'n belang het. Die bewese aardgasbronne by Ibhubesi is egter minder as in die Kudu-veld.